



Storybooks South Africa

global-asp.github.io/storybooks-southafrica


Koning Kaja en Sy Dogter

Written by: Amana Yunus

Illustrated by: Natalie Propa

Translated by: Fanie Viljoen

This story originates from the African Storybook (africanstorybook.org) and is brought to you by Storybooks South Africa in an effort to provide children's stories in South Africa's many languages.



This work is licensed under a Creative Commons

[Attribution 3.0 International License.](https://creativecommons.org/licenses/by/3.0)

<https://creativecommons.org/licenses/by/3.0>



Koning Kaja en Sy Dogter




Amana Yunus

Natalie Propa

Fanie Viljoen

Afrikaans

Level 4



Lank gelede was daar 'n koning genaamd Kaja. Hy het in 'n paleis gewoon saam met die koningin en hulle dogter, Prinses Apenyo.



Naby koning Kaja se kasteel het hoofman Aloeda
die Grote gebly. Hy is "Die Grote" genoem omdat
almal in die buurt hom gehoorsaam het. (Hy was
baie wreed as iemand nie na hom geluister het nie!)



Die vet ou hoofman gaan uiteindelik na Koning Kaja toe om 'n bruidskat vir die jong prinses aan te bied.



Swaar winde het die boot geskommel. Kategga kon dit naderhand nie meer beheer nie. Koning Kaja het uitgeroep, "Apenyo, kom asseblief terug! Ek het jou vergewe en sal julle nie straf nie." Maar dit was te laat. Die boot het omgekantel en al drie die mense het in die rowwe water geval en verdrink.



Hoofman Aloeda het ingestem om die helfte van sy rykdom aan koning Kaja te gee. Dit het 'n naald ingestuit wat ook deel van die bruidskat sou wees.



Katega het die boot nader gesleep en gesê hulle moet inklim. Hy tel toe sy spane op en begin roei.



'n Week voor die koninklike bruilof het Kembo na Prinses Apenyo toe gegaan.




Trevor het daarop aangedring en verduidelik hoekom hulle anderkant moes kom. Hy steek toe sy hand diep in sy sak en haal 'n muntskulp uit om vir Kategga te gee.

Prinses Apenyo was geskok. Sy het nie geweet wat om te doen nie.



Kategga, die bootsman, was besig om sy boot vas te meer toe die partye aankom. Trevor het vir Kategga gevra om hulle oor die rivier te roei.





Daardie aand sluij Apenyo uit die paleis uit. As haar pa uitvind waarheen sy gaan, sou hy baie kwaad wees.



Soos Prinses Apenyo en Trevor na die rivier toe gehardloop het, het donker wolke in die lug begin saampak. 'n Groot storm was op pad.



“My lief, waarom het jy so ver gehardloop? Alleen, hierdie tyd van die nag?” het Trevor gevra.



By die paleis, het Koning Kaja van die prinses se verdwyning uitgevind. Hy het sy onderdane beveel om oral in die dorp na haar te gaan soek. Die koning se wagte, soldate en al die ander mense het gesoek, maar hulle kon die prinses nêrens kry nie.



“My liewe prinses, wat is fout?” het Trevor gevra.



“Maar prinses, ek het niks om vir jou bruidskat te gee nie. Jy weet ek is 'n arm man,” het Trevor gesê.